Dinsdag 14 April
Skrifgedeelte: Numeri 16:27-35
Fokusgedeelte: Numeri 16:19, 31, 32, 35

God se genade negeer/verontagsaam/neem nie sy oordeel weg nie!

Hierdie gebeure bring ons opnuut voor die grootheid en die almag en die trou en waarheid van God. God is nie ’n God wat verander nie. God is altyd dieselfde. Wat God beveel en vra, bly van krag van geslag na geslag. Daarom het God aan elke mens gawes en talente en ’n roeping gegee om te volg. Veral in die leierskap van die kerk het God bepaalde mense geroep om sy werk te doen.

Moses en Aäron is geroep tot spesifieke take:

- Moses moes die volk uit Egitpeland lei in opdrag van God. Eksodus 3:10: “Daarom stuur Ek jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israeliete, uit Egipte kan bevry.”
- Aäron, sy broer, was sy segsman en díe hoëpriester in God se diens. Eksodus 28:1-3: “Jy moet jou broer Aäron en sy seuns Nadab, Abihu, Eleasar en Itamar na jou toe laat kom uit die volk Israel uit en hulle aanstel om My as priesters te dien. Maak vir jou broer Aäron gewyde klere wat waardig en mooi is.”
- Niemand mag hulleself daarom self aanstel of verhoog om die werk wat God aan Moses en Aäron gegee het, te doen nie. Numeri 16:40: “Dit moes die Israeliete altyd daaraan herinner dat iemand wat nie uit Aäron se geslag is nie en dus nie daartoe bevoeg is nie, nie ’n wierookoffer na die altaar toe mag bring om dit aan die Here te offer nie. Anders sal so ’n persoon soos Korag en sy bende word oor wie die Here deur middel van Moses uitspraak gelewer het.”

Korag en sy Levitiese ampsgenote, Datan en Abiram, sowel as 250 Israelitiese mans was nie tevrede met hulle opdrag om die tempelgereedskap te dra en in die heiligdom te werk nie en wou ook die priesterskap inpalm (Num. 16:10). Dit was direk teen God se bevel in. Hulle het ’n grootheidswaan begin kry en wou dieselfde voorregte as Moses en Aäron gehad het. Hulle wou dieselfde mag en gesag en aansien as Moses en Aäron gehad het.

Omdat hulle daarom teen God in opstand gekom het, het God die aarde laat oopskeur en die aarde het vir Korag, Datan en Abiram en hulle gesinne ingesluk. Daar het ook ’n vuur gekom en die 250 Israelitiese mans ingesluk.

God verwag nie dat ons almal van dieselfde status en gesag en posisies en talente en opdragte het nie. Die belangrikste saak is nie status nie, maar volle gehoorsaamheid om die werk wat God aan ons gegee het te volle en van ganser harte te doen. Elkeen het ’n gawe en ’n taak van God gekry om in die kerk te vervul en dit moet ons doen (1 Kor. 12:14-18). Moses het nie geoordeel nie, maar gebid tot God om in sy genade regverdig te oordeel. God het sy oordeel voltrek omdat Hy getrou is in wat Hy belowe.

Ook ons is skuldig voor God. Ook ons is nie ten volle gehoorsaam nie. God wil en het ook nie ons skuld net vergeet of dit laat verbygaan nie. Nee, Hy het in ons plek sy eie Seun Jesus Christus die straf vir ons sondes laat dra. Jesus het in ons plek die straf gedra, die straf aan die kruis. Hy het met sy liggaam en bloed betaal. God het ons met Homself versoen deurdat Jesus Christus in ons plek gesterf het.

Daarom, gryp God se genade deur Jesus Christus ten volle aan. Laat jou lei deur die Woord en die Heilige Gees om aan God gehoorsaam te wees. Volg Jesus Christus. Moet nie in opstand kom teen God weens jou egoïsme, selfgesentreerdheid of eie insigte nie. Leef in biddende gehoorsaamheid deur te doen wat God van jou vra. Bely jou sondes en oortredinge elke dag. En die vrede van God sal in ons Here Jesus Christus oor jou kom.

*Sing: Psalm 38-1:1, 17*

*Ds. GS (Gerrit) Kruger (Burgersdorp)*